# Hillcrest High School

Graad 9

## AFRIKAANS EAT V2

November 2024

**PUNTE:** 100

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. M. Henderson

**MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Letterkunde** | **(50)** |
| **Afdeling B : Stelwerk** | **(50)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Beantwoord AL die vrae**

4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**

5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad: Me. Jordaan, Middleton, Wessels, Strydom en Henderson**

6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

7. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**

8. **Skryf netjies en leesbaar.**

**Afdeling A: Letterkunde**

**Vraag 1: Verjaarsdag**

ANELL DE BEER

(Vir 'n spesiale verjaarsdagseun.)

1. Op 'n mens se verjaarsdag,
Wil mens net speel en lag.
Mens onthou dae van lank terug toe ons nog klein was,
Soos toe jy op die stoel moet staan in die klas.

2. Dis snaaks hoe tyd verby gegaan het,
En as mens terug dink was als net pret.
Dit voel soos gister toe ons met sakkies vol sweeties rondhardloop,
En ma net die mooiste en grootste X-Box moes koop.

3. Nou het dinge vinnig verander,
Soos 'n branderplankryer op 'n brander.
Die een oomblik dink hy, hy beheer die surfbord,
Die volgende oomblik lê hy op die grond.

4. Ek bid dat God jou in sy liefde sal toedraai,
Dat net jou hare in die wind sal waai.
Mag hy jou behoed en bewaar hierdie jaar,
Dat al jou swottings goed sal vaar.

5. Nou is jy groot en volwasse,
En kom jy uit by al jou klasse.
Geniet dan elke oomblik van nou af,
Geniet jouself en vat die dag af.

1.1 Wat is die titel van die gedig? (1)

1.2 Aan wie is hierdie gedig opgedra (dedicated)? (1)

1.3 Noem twee dinge volgens die gedig wat 'n mens op jou verjaarsdag wil doen. (2)

1.4 Skryf die WOORD in strofe 2 neer wat vir ons sê dat die spreker dit geniet het om kind te wees. (1)

1.5 Gee die Afrikaanse woord vir "sweeties". (1)

1.6 Kies die regte woord tussen hakkies. Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

"Soos 'n branderplank ryer op 'n brander" is 'n voorbeeld van 'n (metafoor/vergelyking). (1)

1.7 Die volgende stelling is WAAR. Bewys dit deur EEN woord aan te haal.

Die seun het van rekenaar speletjies gehou. (1)

1.8 Kies die regte woorde uit die blokkie om die sinne te voltooi:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| vergelyking | strofes | assonansie | alliterasie | versreëls |

Daar is vyf _1.8.1_ in die gedig. "Vinnig verander" is 'n voorbeeld van _1.8.2_. (2)

1.9 Pas die beskrywing in kolom B by die woorde in kolom A. Skryf net die nommer en die letter neer.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 1.9.1 Jy is klein. | A) Ma is 'n Christen |
| 1.9.2 Branderplankryer | B) Hy is 'n student |
| 1.9.3 Bid | C) Nie in beheer nie |
| 1.9.4 Swottings | D) Staan op 'n stoel |

(4)

1.10 Noem een geskenk wat jy graag vir jou verjaarsdag sal wil hê. (1)

**(15)**

**Vraag 2: Gulsige Harry**

Toe is sy by die deur en is dit tyd om te glimlag. “Hallo, Mooiste.”
“O, Harry....” Die vrou glimlag hou en kyk na haar horlosie. “Wat ‘n verrassing.” “Ja, ek weet,” glimlag Harry. “Dis laat en ek was veronderstel om jou ‘n paar dae lank nie te bel of te sien nie, maar ek kon net nie wegbly nie.”
Hy gee haar sy beste kleinseuntjie-blik.
“Jy is nie kwaad nie, né? Ek bedoel, as jy is, kan ek maar net in my kar klim en ry en...”. Die vrou skud haar kop en glimlag. “Nee, Harry, ek is nie kwaad nie.” Sy sug.
“Wil jy inkom?”

2.1 Hoe weet ons dat Muriel nie vir Harry by haar huis verwag het nie?
Gee 3 OPEENVOLGENDE woorde. (1)

2.2 Kies die korekte antwoord. Skryf net die nommer en letter neer.

Harry se doelwit in die lewe was...

A) om paddas te versamel.
B) om met Muriel te trou.
C) om ryk te wees.
D) om op vakansie te gaan. (1)

2.3 Noem 2 tipes paddas wat Muriel in die akwariums aanhou . (2)

2.4 Wat het Harry by hom gehad wat Muriel baie bang gemaak het? (1)

Harry se knieë voel lam en hy gaan sit hard op die grond. "Paddas?” Sy tong voel swaar en aangepak. "Wat bedoel jy?” snak hy.
“Die helderkleuriges van Suid-Amerika word pylpaddas genoem, Harry, giftige pylpaddas. Hulle skei ‘n gif af wat direk deur die vel opgeneem word. Die inheemse mense gebruik dit as hulle jag. Hulle is baie versigtig om nie aan hulle te vat nie.” “Help my...” Harry se stem is net ‘n fluistering. Sy hart klop wild in sy bors.
“Ek sal, Harry. Maar ek wil eers hê jy moet weet jy het my baie bang gemaak. En ek hou nie daarvan om bang gemaak te word nie.” Sy bly stil. “Ek sal hulp roep, Harry...” Sy tel haar glas op en drink ’n teugie.
“Oor ‘n minuut of twee.”

2.5 Waarom het Harry juis vir Muriel gekies? Noem twee redes (2)

2.6 Wat het Muriel in Suid-Amerika gedoen? Wees spesifiek. (2)

2.7 Noem 2 simptome van vergiftiging wat Harry ervaar. (2)

2.8 Rangskik die volgende gebeure in die regte volgorde. Skryf die vier sinne oor.

- Muriel skink lemonade.
- Harry se knieë voel lam.
- Harry steek die kristalpadda in sy sak.
- Harry forseer Muriel om stil te sit. (4)

**(15)**

**Vraag 3: Hollywood in my huis**

3.1 Pas die beskrywing in kolom B by die woorde in kolom A. Skryf net die nommer en die letter neer.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 3.1.1 Jana se stokperdjie | A) Tos het nie 'n werk nie. |
| 3.1.2 Jana doen dit terwyl sy en Frikkie skool toe ry. | B) Hulle ry 'n kar wat aanhoudend breek. |
| 3.1.3 Jana se ma het toe swanger geword. | C) Sy ontwerp 'n mooi uitrusting. |
| 3.1.4 Jana se ma se werk. | D) Gaan kuier by Frikkie. |
| 3.1.5 Jana wil eers saam met HOM matriekafskeid toe gaan. | E) studauction |
| 3.1.6 Die rede hoekom Jana se ma kwaad is vir haar pa. | F) modeontwerp |
| 3.1.7 Hoe Jana vir haar materiaal "betaal" het. | G) ontevrede |
| 3.1.8 Jana se gesin is nie ryk nie. | H) Die aand van haar matriekafskeid. |
| 3.1.9 Jana se ma voel sò oor haar lewe. | I) Brandon |
| 3.1.10 Jana doen dit nadat sy en haar ma oor die rok baklei het. | J) Maak Frikkie se oë toe. |
| 3.1.11 Angelique kies hier haar metgesel (date). | K) skeur |
| 3.1.12 Jana se rok. | L) Haarkapster |

(12)

3.2 Rangskik die volgende gebeure in die regte volgorde. Skryf die vier sinne oor.

- Frikkie help Jana om 'n metgesel vir die dans te kry.
- Angelique kies Frikkie as haar Matriekafskeid metgesel.
- Frikkie soen Jana vir die eerste keer.
- Jana sien haar droom rok. (4)

3.3 Kies die ontbrekende woorde uit die blokkie om die sinne te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

| rugby | plante | vuur | saadjie | motor |
|---|---|---|---|---|


Jana se pa hou baie van ____3.3.1____. Hy vergelyk liefde met 'n ____3.3.2____. Frikkie help hom met sy ____3.3.3____ . (3)

3.4 Sien jy uit na jou matriekafskeid? Sê JA of NEE en waarom. (1)

**(20)**

**Totaal Afdeling A: 50**





**Afdeling B: Stelwerk**

**Vraag 4:**

**Beantwoord EEN van die volgende vrae:**

- Onthou om die KORREKTE FORMAAT te gebruik.
- Jy moet beplanning doen, ‘n eerste poging en ‘n finale poging skryf.
- Skryf die aantal woorde aan die einde van die brief/dialoog neer.
- Skryf netjies en leesbaar.

A) Skryf ‘n **DIALOOG** van 120 - 150 woorde oor een van die volgende onderwerpe.

**Dialoog 1:**

Jy gesels met een van jou maats oor ‘n idee/idees wat jy het om jou skool te verbeter.

Jy moet jou idees vir jou maat vertel en jou maat moet vrae vra daaroor en sy/haar opinie daaroor lewer. (30)

**OF**

**Dialoog 2:**

Jy en jou maat gesels oor ‘n superkrag wat julle graag sal wil hê. Julle moet elk sê watter superkrag julle sal wil hê en hoekom/wat julle daarmee sal wil doen.

(30)

**OF**

B) Skryf ‘n **FORMELE BRIEF** van 120-150 woorde oor die volgende onderwerp:

Jy maak ‘n versoek om borgskap vir ‘n vrywilligeronderneming (non-profit organisation) wat jy in jou area wil begin. Die onderneming sal ‘n publieke park kies, dit skoonmaak en ‘n kinder speelplek daarin bou.

Jy moet die volgende informasie by jou brief insluit:

- Inleiding: Julle wil ‘n versoek doen om borgskap.
- Die doel van die onderneming (wat wil julle doen)
- Waarom dit belangrik is vir julle gemeenskap.
- Hoe dit aan julle gemeenskap se behoeftes sal voldoen.
- Slot: ‘n Versoek om ‘n voorlegging aan hulle te gaan lewer.

(30)

**Vraag 5:**

**Beantwoord EEN van die volgende vrae:**

- Jou skryfstuk moet **80 – 100 woorde** lank wees.
- Onthou om die KORREKTE FORMAAT te gebruik.
- Jy moet beplanning doen, 'n eerste poging en 'n finale poging skryf.
- Skryf die aantal woorde aan die einde van die skryfstuk neer.
- Skryf netjies en leesbaar.

A) Jy is die hoofkarakter in die kortverhaal, "Sorry, Ma".

Skryf 'n **e-pos** aan jou maat, Regard, waarin jy hom vertel wat alles gebeur het nadat jy terug huis toe gegaan het die volgende oggend.

Wat het jou ouers alles vir jou gesê en wat was die gevolge van die vorige aand?

Gebruik jou verbeelding, maar onthou om alles feitelik te hou. **Moenie die storie verander nie.**

(20)

**OF**

B) Jy is die hoofkarakter in die kortverhaal, "Rugby Jock".

Skryf TWEE dagboekinskrywings waarin jy vertel hoe jy voel oor jou broer se vriende wat konstant by julle huis boer.

Wat is jou gevoelens ten opsigte van hulle houding teenoor jou (hoe hulle jou behandel/hoe hulle met jou praat ens..)

**EN**

Skryf 'n tweede dagboekinskrywing waarin jy vertel hoe jy voel na ontbyt en die ontmoeting met jou broer se vriend, Simon.

Gebruik jou verbeelding, maar onthou om alles realities te hou. **Moenie die storielyn verander nie.** (20)

**Totaal Afdeling B: 50**

**Groot totaal: 100**

